**Saterdag 28 Oktober**
**Skrifgedeelte: Lukas 3:1-14**
**Fokusgedeelte: Lukas 3:9**
**Bekeer jou en dra vrugte wat by die bekering pas**

Johannes se boodskap is hard en duidelik: Bekeer julle. Dra vrugte wat by die bekering pas. Hiermee wou Johannes elkeen aanspoor om godvrugtig en vroom te leef – in ware nederigheid, sagmoedigheid, geduld en verdraagsame liefde. Ware hartsbekering bring vergifnis.

Wanneer die skare hierdie oproep van Johannes hoor, wil hulle weet wat om te doen. Die kern van Johannes se antwoord is: Bekeer julle en dra vrugte! Hy gee vir verskillende groepe wat navraag doen, antwoord hoe hulle op die plek waar hulle is, vrugte kan dra.

Hy roep die mense op om mededeelsaam te wees. Wie God se barmhartigheid in Christus ontvang het, is barmhartig teenoor ander. Kos en klere is die noodsaaklike vir die lewe.

Die tollenaars word opgeroep om sy pligte na te kom, maar hulleself nie te verryk nie. Wees regverdig in die uitoefening van jou amptelike pligte.

Die soldate word opgeroep om in die uitoefening van hulle verantwoordelikhede nie hulle magte te misbruik en onbillik te wees nie. Hulle plig is om vrede te handhaaf en nie om vrees in te boesem nie. Hulle moet vergenoeg wees met die omstandighede waarin hulle is en nie in opstand kom of ontevrede wees met hulle betaling nie.

Johannes beklemtoon in hierdie oproep van hom dat bekering inhou dat jy op alle vlakke van die samelewing 'n nuwe leefstyl aanleer. Dat die bewys van hierdie nuwe leefstyl in die vrugte wat jy dra, lê. Jesus Christus het deur sy lyde en sterwe ons tot 'n nuwe lewe opgewek. Deur die Heilige Gees en die Woord is ons in staat om vrugte te dra wat by die bekering pas.

*Sing: Psalm 9-1:1, 7, 10*

*Dr. TC de Klerk (Theuns) (emeritus)*